Publication: Burger, Die (Metropool) (Main)
Publication Date: 02 Oct 2020
Page: 3

AVE: 15087.86
Circulation: 53483
Part: 1 of 1

Nobelpryswenner praat by webinaar wat US aanbied

Die Universiteit Stellenbosch (US) se departement ekonomie vier vanjaar sy eeufeesjaar met 'n webinaar waarvan die Nobelpryswenner prof. Abhijit Banerjee die hoofspreker is.

Banerjee het die Nobelprys vir ekonomiese wetenskap verlede jaar saam met Esther Duflo en Michael Kremer gewen. Hy beklee die Ford Stigting-pos as internasionale ekonomieprofessor aan die Massachusetts Institute of Technology in Amerika en word as 'n gesaghebbende denkleier op die gebied van ontwikkelingsekonomie beskou. Die onderwerp van sy toespraak is "Good Economics for Hard Times". Dit is ook die titel van die boek wat hy in 2019 saam met Duflo geskryf het.

Prof. Abhijit Banerjee

Die webinaar vind op 9 Oktober van 13:30 af plaas. Bywoning is gratis, maar belangstellendes moet vooraf registreer by www.econcentenary.com/#events.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.